

6 Maart - DONKER

Skrifgedeelte: Matteus 6:19-24
Fokusgedeelte: Matteus 6:22-23

Om te kan sien, is vir seker een van die heerlikste vermoëns wat die Here aan ons gegee het. Jy kan sien as daar gevaar is, jy kan die skoonheid van die natuur, wat jy sien, waardeer. Vir iemand wat kon sien, maar skielik blind geword het, is die wêreld bitter donker. Maar hoe donker word die wêreld vir iemand wat nie die lig in sy lewe wil hê nie?

Ons Here Jesus en sy Vader en alles wat Hulle wil hê, word met lig geassosieer, terwyl alles wat nie in lyn met die Here se wil is nie, met die donker geassosieer word. As jou oog goed is, sal jy nou in hierdie lewe jou oog vestig op dit wat jou lewe nog meer sal verlig en vreugde, blywende vreugde sal gee. Iemand wie se hart daarop gerig is om God te dien en vir hom 'n skat in die hemel bymekaar te maak, sal graag wil hê dat die lig nog meer deur sy oë kom om sy lewe te verlig.

As afguns en inhaligheid begin om te bepaal waarop jou hart gevestig sal wees, sal jou oog ook al hoe minder van die lig wil verdra. En hoe minder lig daar in jou lewe in kom, hoe donkerder begin te word. As die lig in jou donker geword het, hoe donker moet dit dan nie wees nie!

Jesus ken hierdie donkerste donker waarteen Hy ons waarsku. Aangesien Hy vir ons die sonde geword het, het Hy die allerdonkerste vir ons ingegaan, omdat Hy nie wil hê ons moet daar beland nie.

Kom ek en jy neem ons vandag voor om by die ewige lig, by Jesus, te bly sodat sy Gees ons lewens nog meer kan verlig. Wie se lewe deur die Gees verlig is, sal ook 'n seënende lig kan wees om ander uit die donker na die ewige lig van Jesus te lok.

Sing: Psalm 119:12, 39 (1936-beryming)

Ds CCA Vrey (Rustenburg-Noordoos)